Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education & training
Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## OPENBARE FINANSIES N5

**14 JUNIE 2019**

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 6 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

## AFDELING A

### VRAAG 1

| | | |
|---|---|---|
| 1.1 | 1.1.1 | H |
| | 1.1.2 | G |
| | 1.1.3 | E |
| | 1.1.4 | F |
| | 1.1.5 | D |
| | 1.1.6 | A |
| | 1.1.7 | E |
| | 1.1.8 | B |
| | 1.1.9 | J |
| | 1.1.10 | C |

(10 × 2) (20)

| | | |
|---|---|---|
| 1.2 | 1.2.1 | Onwaar |
| | 1.2.2 | Onwaar |
| | 1.2.3 | Waar |
| | 1.2.4 | Onwaar |
| | 1.2.5 | Waar |
| | 1.2.6 | Waar |
| | 1.2.7 | Onwaar |
| | 1.2.8 | Waar |
| | 1.2.9 | Waar |
| | 1.2.10 | Waar |
| | 1.2.11 | Waar |
| | 1.2.12 | Waar |
| | 1.2.13 | Onwaar |
| | 1.2.14 | Waar |
| | 1.2.15 | Onwaar |

(15 × 2) (30)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING A: 50**

### VRAAG 2

2.1
- Beheer alle finansies en is verantwoordelik vir die finansiële administrasie en alle rekordhouding van die departement.
- Het deeglike kennis van finansiële sake.
- Beheer alle transaksies van die departement.
- Rapporteer enige wanadministrasie aan die rekeningkundige beampte.
- Verskaf effektiewe interne prosedures om te verseker dat finansiële regulasies gevolg word.
- Oefen op 'n daaglikse basis begrotingsbeheer uit.
- Tree as die rekeningkundige beampte se geldadviseur op, wat op sy/haar beurt weer direk aan die minister rapporteer. (7 × 2) (14)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

2.2
- Verseker mededinging
- Ken ekonomiese regte toe (nywerheid, handel, minerale, ens.)
- Lisensieer aktiwiteite en beroepe
- Ken operasionele regte deur permitte/konsessies toe
- Reguleer minimum diensvoorwaardes vir werkers (5 × 2) (10)

2.3
- Per capita-inkomste van 'n gemeenskap
- Inkomstepotensiaal van 'n ideale belastingstelsel
- Verteenwoordigende inkomstestelsel (3 × 2) (6)

2.4
- Geen belasting of ander heffings kan sonder hul toestemming van belastingbetalers ingevorder word nie en die belastinglas moet op 'n redelike en billike manier versprei word.
- Die regering moet nie net een gedeelte van 'n gemeenskap, maar nie 'n ander een, belas nie.
- Benutting van openbare finansiële hulpbronne moet kollektiewe behoeftes optimaal bevredig.
- Besteding van geld aan een projek kan beteken dat die hulpbronne (fondse) meer effektief as met 'n ander projek bestee word – optimale benutting van hulpbronne.
- Deelnemende demokrasie beteken direkte deelneming deur belasting-betalers en verbruikers van die openbare sektor aan die finansiële besluitnemingsproses.
- Openbare besluitneming moet regverdig wees.
- Finansiële hulpbronne moet effektief en doeltreffend aangewend word om in die publiek se kollektiewe behoeftes te voorsien. Dit beteken dat 'n redelike toewysing van hulpbronne vereis word.
- Slegs die kollektiewe liggaam van verkose politieke verteenwoordigers het die gesag om belastings in te stel en in te vorder, en om te besluit hoe en waaraan dit spandeer moet word.
- Verantwoordelikheid en toerekenbaarheid van die verkose politieke verteenwoordiger is teenoor die belastingbetaler verskuldig vir die invordering en besteding van belastings en ander inkomste.
- Diegene wat as ampsdraers verkies is, moet hierdie beginsel volg om vertroue onder hul kiesers in te boesem.
- Politieke verteenwoordigers moet sensitief en responsief wees teenoor die kollektiewe behoeftes van die gemeenskap.
- Kiesers moet voel dat die verteenwoordiger na hul behoeftes geluister het en dat hy/sy verantwoordelikheid aanvaar het om in hierdie behoeftes te voorsien.
- Die uitvoering van begrotingsprogramme moet in die publiek se behoeftes voorsien.
- Die uitvoerende gesag moet die verantwoordelikheid aanvaar om openbare fondse doeltreffend en effektief te gebruik.
- Die begroting word gebruik om te skat wat die betrokke departement beplan om aan dienste te spandeer.

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

- Daar moet sosiale/maatskaplike regverdigheid en geregtigheid wees.
- Handhawing van hoë morele en etiese standaarde verg dat politieke verteenwoordigers en openbare beamptes met integriteit optree.
- Alle aktiwiteite met betrekking tot openbare finansiële bestuur moet in die openbaar plaasvind en nie onder die dekmantel van vertroulikheid nie.
- Amptenare moet ten alle koste toerekenbaar teenoor belastingbetalers bly.

(Enige 10 × 2) (20)
**[50]**

**VRAAG 3**

3.1 **Sentrale-regeringsvlak**

- Kommunikeer met die wetgewer en berei verslae voor oor kwessies wat by die wetgewer vir besluitneming ingedien moet word.
- Kommunikeer met die administratiewe gesag, wat finansiële wetgewing en die goedgekeurde begroting moet uitvoer om die dienste te lewer waardeur die doelwitte van die wetgewer bereik kan word.
- Kommunikeer met belangegroepe om die behoeftes, wense, verwagtings en probleme van die gemeenskap te bepaal en lewensvatbare beleide in hierdie verband te formuleer vir goedkeuring deur die wetgewer.
- Beheer die aktiwiteite van die administratiewe gesag.

**Plaaslike-regeringsvlak**

- Adviseer die plaaslike wetgewer (raad) oor sy langtermyndoelwitte om 'n beleid te formuleer ten einde te verseker dat die besluite en beleide van die wetgewer behoorlik bereik en uitgevoer word.
- Berei die jaarlikse begroting voor vir goedkeuring deur die plaaslike wetgewer.
- Hou toesig oor die uitvoering van die begrotingsprogram om doeltreffendheid en effektiwiteit in die aktiwiteite van die plaaslike wetgewer te verseker en rapporteer van tyd tot tyd aan die plaaslike wetgewer . (7 × 2) (14)

3.2

- Staatsdrukker
- Timmerhoutplantasies
- Administratiewe dienste
- Vervoerdienste
- Waterwerke (5 × 2) (10)

3.3

- Dit erken nie bepaalde en privaat eienaarskap van produksiefaktore nie.
- Die regering besluit hoeveel en vir watter doel die produksiefaktore aangewend moet word.
- Daar is 'n verbod op alle kapitalistiese of vryemarkstelsels.
- Herverdeling van inkomste vind plaas deur erge belastingheffings.
- Maatskaplikesekerheid-voordele soos pensioene, werkloosheidsvoordele, ens.
- Die regering waarborg 'n minimum lewenstandaard. (6 × 2) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou

Downloaded from www.mycourses.co.za

3.4
- Inflasie en die uitwerking op kapitaal en operasionele/bedryfskoste
- Tegnologiese ontwikkeling
- Politieke en/of maatskaplike onstabiliteit
- Maatskaplike ontwikkeling en toenemende maatskaplike eise
- Nasionale rampe
- Toewysing van meer funksies (pligte) aan ander regeringsliggame
- Verstedeliking
- Wanadministrasie (Enige 7 × 2) (14)

**[50]**

## VRAAG 4

4.1 **Konsensusbesluitneming**

- Konsensusbesluitneming vind plaas wanneer 'n besluit deur 'n groep bereik word, deur bespreking of die wil van die meerderheid.
- Voorwaardes met betrekking tot konsensusbesluitneming:
  - Die groep/gemeenskap moet klein wees sodat elke lid of landsburger aan die finale besluit kan deelneem.
  - Die landsburgers/lede moet oor die finale besluit saamstem.
- Dit is moeilik om die behoeftes van die hele groep te bevredig en dit kan 'n duur besluitnemingstelsel word.

**Meerderheidsbesluitneming**

- Die besluit van die meerderheid is finaal.
- Die besluit is op 'n 50 + 1-stem gegrond.
- Die minderheid se behoeftes word dikwels verontagsaam. (2 × 9) (18)

4.2 Onvoorwaardelike toelaes beteken dat die fondse toegeken word sonder dat enige voorwaarde daaraan gekoppel word.✓✓ Die hoër gesag sal geld toeken✓✓ en nie van die laer gesag verwag om te verduidelik hoe die geld spandeer word nie.✓✓

Projektoelaes word aan 'n spesifieke kapitaalprojek gemaak, soos behuising, ens.✓✓ Dit word slegs eenmalig op 'n ad hoc-basis gegee.✓✓ Streke ding mee deur aansoek te doen en die skenkerregering evalueer die mees voordelige gemeenskapsprojekte.✓✓ (6 + 6) (12)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za

4.3
- Koördineer finansiële beleid:✓ Die besteding moet gebalanseer word✓ – daar moet nie te veel aan een program spandeer word in vergelyking met dit wat aan 'n ewe belangrike program spandeer word nie.
- Verleen vooraf toestemming:✓ indien 'n departement enige veranderings aan 'n program beplan, moet die tesourie daaroor ingelig word sodat dit die finansiële implikasies kan bestudeer.✓
- Evalueer nuwe beleide en wetgewing:✓ dit moet die wetgewer adviseer oor die finansiële implikasies (koste) van enige nuwe beleide en wette.✓
- Hersien die begroting:✓ Die tesourie moet bepaal of al die staats-departemente behoorlik gemotiveerde begrotingsvoorstelle het.✓
- Bewaar openbare geld:✓ Die tesourie tree as waghond op – dit beheer die onttrekking van fondse deur alle staatsdepartemente.✓
- Beheer voorraad en pakhuise:✓ Die beheer van voorraad in pakhuise en is noodsaaklik, omdat groot hoeveelhede voorraad die belegging van groot bedrae geld verteenwoordig.✓
- Vrystelling ('Dispensation'):✓ Die tesourie het die gesag om vrystelling toe te staan, wat deur die wetgewer aan hom verleen is.✓
- Beheer aankope en aankoopprosedure:✓ Die tesourie beheer dit deur 'n staatstenderraad.✓
- Verseker finansiële beleid:✓ Maak seker dat die finansiële beleid korrek vertolk en effektief en doeltreffend uitgevoer word.✓
- Tree op as 'n onpartydige liggaam om korrupsie te vermy:✓ Alle goedkeurings van vrystellings word deur die staatsouditeur in sy jaarverslag gerapporteer en daar word van die tesourie verwag om al sy goedkeurings van vrystelling aan die Komitee oor Openbare Rekeninge te verduidelik.✓ (10 × 2) (20)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 150**
**GROOTTOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou